Vierwielmotorfiets Veldry en Veldoriëntering

"Ek is ek plus my omgewing en as ek laasgenoemde nie bewaar nie, bewaar ek nie myself nie."
-Jos

Doelwit: Om die Verkenner toe te rus en te bemagtig om 'n vierwielmotorfiets op die pad, in die veld en in moeilik-begaanbare terrein veilig, konsidirerend en met min skade aan die natuur te hanteer.

Weergawe: 2010

Datum: November 2010

Begronding

Voortrekkerkode:

6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
7. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.

ABC: Hierdie spesialisasie spreek hoofsaaklik die B en C van die ABC aan. Die Verkenner se waardering van God se skepping en die verantwoording daarvan sal ontwikkel word. Op die wyse word die begrip van God se kultuuropdrag aan die mens weer beklemtoon. As goeie landsburger is dit ook die plig van die Verkenner om kennis te dra van sy land en goeie veldmaniere te handhaaf.

Aanbiedingsmetodes

Tydsduur:	Minstens 2 dae aaneenlopend	Graadgroep:	10 - 12
Voorvereistes:	Die Verkenner moet verkieslik reeds ervaring hê met die bestuur van 'n Vierwielmotorfiets.		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan slegs in groepsverband afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Kommando, Gebiedskamp		

Uitkomste

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. Die voordele van 'n vierwielmotorfiets as voertuig opnoem.

2. Die nadele van 'n vierwielmotofiets as voertuig opnoem.

3. Kennis dra van verskillende soorte vierwielmotorfietse met betrekking tot:
   a. Hoe motorfietse van mekaar verskil
   b. Waarom die bou verskil
   c. Verskil in prys van fietse.

4. Die padreëls van vierwiel fietsryers ken.

5. Die gevare verbonde aan vierwielmotorfietsry ken met betrekking tot:
   a. Die sigbaarheid van die fietsryer
   b. Die rol van die weersomstandighede
   c. Die padoppervlakte
   d. Stilstaande gevare
   e. Bewegende gevare
   f. Spoed en afstand.

Vierwielmotorfiets Veldry en Veldoriëntering

6. Die verskillende dele van die fiets ken asook die korrekte Afrikaanse benaminge wat daarvoor gebruik word.

7. Kennis dra van ‘n vierwielmotorfiets met betrekking tot die volgende:
   a. Ratverhouding
   b. Grondvryhoogte
   c. Buitebande en inligting oor hulle
   d. Wat onder kan stamp.

8. Kennis dra van die volgende toerusting:
   a. Gereedskap en moersleutels
   b. Reserwe brandstoftenks
   c. Grasbedekking vir verkoelers.

9. Kennis dra van veldry-etiket:
   a. Moenie nuwe spore trap nie
   b. Moenie bome omry nie
   c. Moenie klippe wegskiet nie
   d. Pas op vir voëlneste en diereskuilings.

10. Kennis dra van basiese beserings, brandwonde, hoofbeserings en beserings wat gepaard gaan met die tipiese ongelukstonele en die korrekte hantering daarvan.

11. Kennis dra van sleepwaens wat gebruik word om vierwielmotorfietse op openbare paaie na die terrein waar dit gebruik gaan word te vervoer, met betrekking tot:
   a. Gewigsverspreiding
   b. Traagheidsremme
   c. Breedte-, lengte- en glimstroke.

12. ‘n Vierwielmotorfiets kan onderhou:
   a. Olie en ghriespunte versorg
   b. Brandstoftoevoer
   c. Ontstekingstelsels
   d. Elektriese stelsels en bedrading (basies)
   e. Kontrole op alle bewegende dele, boute en moere
   f. Smeltdrade
   g. Bande versorg en vervang
   h. Ketting opsit.

13. Basiese herstelwerk aan die voertuig kan doen:
   a. Bande ruil
   b. Brandstoftenklek herstel
   c. Oliefilter en petrolfilter vervang
   d. Vonkprop vervang
   e. Olie vervang
   f. Ligte.

14. Die volgende kan voorberei:
   a. Reisplan en padkaarte
   b. Brandstof.

15. Veilige bestuursmetodes kan toepas:
   a. Grondpad
   b. Agteruitry.

Vierwielmotorfiets Veldry en Veldoriëntering

16. ‘n 30 kilometer vierwielfietsrit in die veld onderneem en die volgende doen:
    a. Voet weg van koppelaar
    b. Korrekte ratinstellings voor hindernis ingegaan word
    c. Regte banddruk vir die vrag wat gedra word
    d. Hantering van rotsagtige terrein
    e. Sandbestuur
    f. Duine: 17 grade en laer
    g. Soutpanne – vermy indien moontlik
       ASAP AFAN – “As slow as possible, as fast as necessary”
    h. Hellingbestuur
    i. Modder.